**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**
**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

IN DEO SAPIENTIAE LUX

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0434 | 971030303 | 8 | 14857 |

24.10.1997

DIE PATRIOT Jg. 16 Nr. 41 P. 5 Dat.

# AHI SE VOORSTEL OOR SASRIA IS KORTSIGTIG EN GEK

Die voorstel deur die AHI dat 'n deel van die reserwes van die SA Spesiale Risikoversekeringsmaatskappy (SASRIA) gebruik moet word om reparasie te betaal aan diegene wat sogenaamd gely het onder apartheid, is kortsigtig en gek, meen die KP se Ditrekteur Openbare Betrekkinge, mnr. Pieter Aucamp. Die voorstel kom duidelik van 'n groepie mense wat oor weinig of geen vermoë beskik om omstandighede in die land waar te neem nie en dit is gebore uit 'n kruiperige en slap houding oor die toekoms van die land, meen hy.

"SASRIA is ingestel om persone te verseker teen fisiese verliese gely as gevolg van politieke oproer. Die fonds is deur die gewone en verantwoordelike man op straat gefinansier. Die fondse kan dus nie sonder meer vir ander doeleindes gebruik word nie.

"Enige persoon wat glo dat politieke oproer verby is, glo sekerlik nog in die tandemuis. Dit word al meer aanvaar dat die geweldige voorkoms van misdaad en veral moorde op blankes, deel is van 'n voortgesette revolusionêre stryd. Selfs die regering gee indirek hieraan erkenning wanneer hy die misdaad in die land toeskryf aan apartheid. Politieke oproer sal in die toekoms al meer voorkom namate veral die miljoene swart mense tot die besef kom dat die ANC-maghebbers leë verkiesingsbeloftes gemaak het en dat die gewone man op straat in werklikheid slegter daaraan toe is. Die onderdrukking van die regte van volke in die grondwet en groeiende volksnasionalisme onder veral swart volke sal hierdie proses versnel," sê mnr. Aucamp.

Versekeringspremies het volgens mnr. Aucamp onbetaalbaar duur geword, juis as gevolg die maghebbers se onvermoë om die massas in bedwang te hou. Dit kan dus sin maak indien die reserwes in die fonds aangewend word om versekeringspremies te subsidieer. Enige ander gebruik, waar die fondse nie direk in belang van die versekerdes aangewend word nie, is niks minder as diefstal van trustfondse nie.

"Die AHI bewys deur sy optrede dat hy nie meer met die belange van die Afrikaner vertrou kan word nie, maar selfs sosialistiese gebruike sal toepas om homself te dien."

TREFWOORDE

1 Dienstlewer
2 KP
3 Kommentaar
4 AHI
5 voorstelle
6 fondse
7 Sasria
8 skadevergoeding
9 slagoffers
10 Uitbetalings
Ontwikkeling